Oordenking
8 Maart 2010

Lydenstyd – 'n tyd van eenvoudige vernuwing.

Na die derde Lydensondag moet ons vra, wat hou dié tyd vir ons in.
Dis 'n vastyd, 'n tyd van geestelike dissipline en groei, verootmoediging, bekering en groot eenvoud. Dis 'n tyd van geestelike huis skoon maak!

In die lydenstyd maak ons 'n geestelike voorraad opname. Ons raak ontslae van alles wat in die pad staan van ons verhouding met Jesus en ons diens aan Hom. Vanaf AsWoensdag is ons besig met verootmoediging, sodat ons liggaam, siel en gees verander kan word deur hierdie tyd. 'n Gedissiplineerde dieet bring herstel van die liggaam, wat dit makliker maak om die eenvoudige geestelike proses te ervaar wat ons nader aan God bring. So word ons emosies ook gesuiwer van obsessie, vrees, hartseer en pyn.

Hierdie eenvoudige hernuwing wil ons meer en meer soos Christus laat wees. Ons word deur genade, wat Christus nog altyd van nature is.

Basiese Christenskap word versterk in die lydenstyd, naamlik om op te offer, om liefdes gawes te gee, om te bid en om oor die Evangelie van ons Here Jesus Christus na te dink. En as ons onthou hoe groot sy fisiese en emosionele lyding was en hoe diep die geestelike smart, toe Hy ons sonde gedra het en in ons plek van God verlate was, sien ons ten spyte van ons donkerte, die lig van die Vader se liefde, wat selfs nie sy eie Seun vir ons gespaar het nie. Ons vind ook weer dat die liefde van Jesus soos die liefde van 'n bekende vriend is, wat sy lewe vir ons gee. Daar is geen groter liefde nie, as om jou lewe vir jou vriende te gee.

Die doel van die lydenstyd is om weer, deur genade, geloofsekerheid te kry. Die wonderlike geestelike vernuwing vind plaas deur middel van dankbare opoffering en vernuwe my begrip van God se liefde en wat dit beteken om sy kind te wees. In die eenvoud van die lydenstyd vind herlewing van my verhouding met Jesus plaas. Ek word gelei op die pad van God se doel met my lewe, naamlik om net tot sy eer te lewe. Net uit genade, deur geloof, bring die Woord van God nuwe lewe in my hart, wat met dankbare liefde wil dien as ek verstaan wat my Here en Verlosser, Jesus, vir my gedoen het.

Die lydenstyd eindig met groot vreugde tydens die fees van die oorwinning van Christus op Paassondag. Hierdie vreugde ken ek elke Sondag vir die res van my lewe, wanneer ek loof en aanbid en leer om vir die Here te lewe. Elke dag van die res van my lewe word 'n oorwinningsfees van die opgestane Heer.